

# Maandag 1 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 1, 2

Fokusgedeelte: Eksodus 2:23-  
25

## God hoor, dink, sien en neem ter harte

God het die Israeliete se gekerm gehoor. Hy is die lewende God wat ore het en alles hoor (vgl. Ps. 139:4). Jy kan gerus jou nood in gebed voor Hom bring. In Jesus Christus is jou gebede voor Hom soos 'n lieflike geur. God dink aan sy verbond. Daarin het Hy Hom verbind om vir ons 'n Vader, Verlosser en Heiligmaker te wees. Verder het Hy ons aan Hom verbind om sy eiendom te wees en Hom te dien. Mense kan dit hoor en dit tog nie belangrik ag nie. By God is dit so anders. Hy is die getroue Verbondsgod wat sy beloftes nooit vergeet nie. Vanweë sy liefde en trou is dit vir Hom altyd belangrik om na ons te luister.

God sien alles raak. "Here, U sien dwarsdeur my" (Ps. 139:1). Niks is bedek voor sy aangesig nie, nie die sonde nie en ook nie die swarkry en hartseer van sy kinders nie.

God ken jou omstandighede. Ken is hier nie 'n verstandsaak nie, maar 'n hartsaak. God het hulle omstandighede gesien en ter harte geneem. Moses is gebore, gespaar en opgelei om as middelaar vir die volk tussen die farao en God op te tree. So word ons ook in Jesus Christus deur God ter harte geneem. Sy geliefde Seun word ons Middelaar en Verlosser. Ons is verlos van die sonde en van die heerskappy van Satan.

As verlostes moet ons God se Woord hoor, sy verbond oordink en sy trou en liefde in ons lewe raaksien. Ons moet ook die nood van ander om ons raaksien. Bowenal moet ons God met ons hele hart liefhê. Wie God se liefde in Christus ken, sal die nood van sy naaste ter harte neem.

*Sing: Psalm 68-1:13*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)*